Wagtyd in Moreleta Kerk | 23 April 2023 | Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Die tyd tussen Jesus se opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees is 'n wagtyd. 'n Tyd wat ons nie moet wegwens nie. 'n Tyd waar ons nie moet gluur na ons horlosies vir die volgende uur nie. Dis 'n tyd waar die proses van wag geheilig word in die teenwoordigheid van Jesus. Dis nie 'n "verkeerde" tyd of tydmors nie maar 'n tyd waar ons Jesus op 'n nuwe manier kan ontmoet. 'n Tyd waar Jesus sy hart in jou hart kan uitstort.

Wenke vir leier

Lees deur die hele Handelinge 1 en Lukas 24:50 – 53 en skep agtergrond vir die wagtyd waarin die kerk nou gaan.

Lees saam

Handelinge 1

13En toe hulle daar kom, gaan hulle na die bovertrek waar hulle gewoond was om te vertroef. Naamlik, Petrus en Jakobus en Johannes en Andreas, Fillipus en Thomas, Bartholomeus en Mattheus, Jakobus, die seun van Alfeus, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus. Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus en met sy broers.

Gesels saam

1. Fisiese spasies speel reg deur die Bybel 'n belangrike rol. Deel stories van wat julle kring se "bokamer" of die plekke waar julle bymekaarkom vir jou spesiaal maak.
2. Die eenheid waarin die gebede in die bokamer gebid was staan uit as merkwaardig. Wat is van die goed in julle kring wat uitstaan as merkers van eenheid wat julle in die kring kan bely wat julle aanmekaar bind?

Doen saam

1. Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
2. Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

Bid saam

Vandag se tyd van gebed is nie om die kring af te sluit nie maar om tyd in gebed te spandeer.

Die Delta week by Moreleta Kerk is 'n groot gebeurtenis waar ons die Here vertrou om op prominente manière sy Gees uit te stort op die gemeente soos wat Hy gedoen het vir Sy dissipels.

1. Bid dat die Here julle kring se harte in eenheid sal bind om 'n groot verwagting te koester van wat die Here gaan kom doen in Pinkster.
2. Kringleier: Skep 'n tyd van 10 minute waar daar in stilte gewag word op die Here. Moedig lede aan om nie vir iets in die tyd te vra nie. Baai in die teenwoordheid van die Here. Dit gaan nie maklik wees nie. Daar gaan baie versteuringe wees. Kies steeds om te wag op die Here.
3. Gee vir elke persoon in die kring die geleentheid om 'n "big faith" gebed te bid in afwagting vir Delta week. Groot geloof is aanneemlik vir God. Kom ons bid groter gebede oor mekaar se lewens en oor die kerk.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035